

## “Laat u koninkryk kom” – In Christus is God se koninkryk naby

God die Skepper is ook Koning oor hemel en aarde. Die HERE God het die mens as sy beeld, sy onderkoning, oor die aarde aangestel. Die mens moes luister na die Woord van die Koning: hy mag nie eet van die boom van kennis van goed en kwaad nie. Die mens het egter na die woord van Satan geluister en die Bose het die owerste van hierdie wêreld geword. So het die mens van onderkoning geval tot 'n slaaf van die duiwel, die sonde en die dood.

God het toe in sy goedheid sy Seun na die gevegsfront gestuur: om die mens te verlos van die mag van die Bose, om van die rebelle weer lojale koninkryksburgers te maak. Deur die geloof in Jesus Christus en deur sy verlossing is ons dus burgers van die koninkryk van die hemel, mense wat luister na sy Woord. Die koninkryk het weer naby gekom.

Waarom moet ons dan nog bid: Laat u koninkryk kom? Die antwoord maak mens skaam, want die kerk is nog sulke swak koninkryksburgers. Daar is nog soveel opstand in ons. Vanweë die sonde is ons sulke ongehoorsame, onwillige en selfs revolusionêre on-derdane. Ook vir ons geld die oproep: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom.

Voordat jy bid dat God nog nuwe onderdane tot sy ryk moet byvoeg, moet jy vra dat Hy van jou 'n beter onderdaan moet maak. 'n Goeie en gehoorsame onderdaan sal dan ook almal om hom wil help en lei om onderdane van ons Koning te word.

*Sing: Psalm 99-1:1*

*Ds. SA (Sarel) Cilliers (Emeritus)*